

SAARKIE

REËNWEER



SAARKIE

SAARKIE VERBREEK DIE STILTE MET LANGVERWAGTE NUWE ENKELSNIT

Hierdie Vrouemaand hou Suid-Afrika se gunsteling-damesrockgroep die eva-naam hoog, met die vrystelling van 'n splinternuwe enkelsnit waarna aanhangers nou al vir 'n hele ruk lank uitsien.

REËNWEER val net so lekker op die oor soos 'n salige reënbui op die dak en is, gedurende die eerste vyf weke van die grendeltydperk, geskryf deur **SAARKIE** se eie Adèle Fouché. *“Gedurende inperking, het die paaie eweskielik stil geword in die aand. Die geraas van karre, is vervang deur naggeluide,”* verklap die meisies oor die inspirasie agter die lied. *“Almal wil iemand naby aan hulle hê. Grendeltyd het ons fokus geskuif na die dinge wat belangriker is as die gejaag van die daaglikse lewe.”*

Dié snit bou natuurlik voort op die unieke rockklank waarvoor die trio bekendheid verwerf het en is een van daardie liedjies wat jou dwing om stil te staan en te luister wanneer jy dit vir die eerste keer hoor. *“Almal hou daarvan om te ‘cuddle’ as dit reën. Dis lekker om naby aan iemand van wie jy hou te wees as die donker wolke nader kom,”* verduidelik hulle. *“Die liedjie moet luisteraars wegvoer na die eerste paar weke van grendeltyd; toe niemand 'n wakker gestel het nie, die natuur al was wat jy saans kon hoor en jy saam met jou geliefde kon kosmaak. Na enige goeie herinnering van hierdie tyd.”*

SAARKIE, wat bestaan uit Adèle Fouché (kitaar- en mondfluitjiespeler, voorsanger en liedjieskrywer), Lila Botha (dromspeler en agtergrondsanger) en Mjön van Blommestein (baskitaar-, ukulele- en mondfluitjiespeler, agtergrondsanger, en mede-liedjieskrywer) vier vanjaar hulle elfde bestaansjaar en word beskou as een van die mees suksesvolle damesrockgroepe in die land.

Die Saarkies het bekendheid verwerf vir hulle energieke elektries-akoestiese styl en is oor die jare vir verskeie Ghoema- en SAMA-musiektoekennings benoem, waaronder *Beste Rock-Album van die Jaar*, *Beste Album deur 'n Groep of Duo* en *Groep van die Jaar*.

Die vrystelling van **REËNWEER** is net die begin van baie nuwe en opwindende dinge vir **SAARKIE**, wat verklap dat hulle gedurende hierdie stil tyd drukbesig was met die skryf van nuwe musiek, lewendige konsertopnames en vele meer. 'n Eksklusiewe reeks Saarkie-toebehore sal ook binnekort aanlyn te koop wees. *“Inperking het ons baie goed behandel. Alhoewel 'n mens soms voel dat dit nou moet end kry, is dit 'n wonderlike geleentheid om jouself weer te vind en nuwe uitdagings aan te pak,”* meen die trio.

Aanhangers is natuurlik baie verlig dat Adèle, Lila en Mjön weer terug is in die kollig en met **REËNWEER** kom bevestig hulle net weer hoekom hulle reeds sulke diep voetspore in die Suid-Afrikaanse musiekbedryf getrap het. 'n Mens kan nie help om saam opgewonde te wees oor wat die Saarkies vir die toekoms beplan nie... so hou hulle dop!

Die musiekvideo vir hierdie liedjie sal ook einde Augustus 2020 uitgereik word.

REËNWEER is nou beskikbaar op alle digitale platforms hier:

<https://music.apple.com/za/album/re%C3%ABnweer-single/1524391034>

SOSIALEMEDIASKAKELS

Facebook: <https://www.facebook.com/saarkieband/>

Twitter: @SaarkieBand

Instagram: @saarkieband

Webblad: www.saarkie.com

NAVRAE

Besprekings

Elize Fouché

Sel: 082 575 3184

E-pos: info@saarkie.com